

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

### LES 3: REIN EN ONREIN DIERE

#### INLEIDING

1. In Lev. 11 en Deut. 14 leer ons wat volgens Torah as rein diere en wat as onrein diere beskou word. Hiervolgens mag die mens van die rein diere eet, terwyl die eet van onrein diere as 'n gruwel beskou word (Deut. 14:3). Ons sal later in hierdie studie meer hieroor sê. In hierdie les sal ons die oorsprong van rein en onrein diere ondersoek.
2. YHVH gee sy wette vir ons met goeie rede. Ons verstaan miskien nie altyd die rede of doel van Sy wette nie, maar ons weet Hy is 'n liefdevolle Vader wat die welsyn van Sy kinders voorop stel. Hierdie feit behoort genoeg rede te wees om in alles aan Hom gehoorsaam te wees. Ons moet aanvaar en besef dat Hy beter as ons weet wat vir ons goed is.
3. Dit is ook belangrik om die doel van YHVH se genade te verstaan, want dit dien ook as motivering tot gehoorsaamheid.

#### DOEL VAN GENADE

1. Die einddoel van genade is nie net om ons sondes te vergewe nie, naamlik om ons vry te spreek van ons skuldias van ongehoorsaamheid aan Torah nie. Nee, genade het ten doel om die vleeslike (die wêreldse) in ons tot niet te maak sodat ons gelykvormig aan Yeshua Messias, die Lewende Torah kan word. Genade het heiligmaking, naamlik 'n lewe as uitgeroepene (*set-apart*) ten doel. Genade voorsien ook die krag en vermoë om van die vleeslike ten opsigte van ons gedagtes, woorde en daade na die geestelike te verander. Dit behels 'n totale vernuwing van gees, siel en liggaam.
2. Torah was kragteloos weens die vlees, want die vlees wil nie met Torah saamwerk nie. Die sondige vlees is dus die struikelblok wat anti-Torah is. Dit is die sondige vlees wat deur genade aangespreek word. Vir die doel het YHVH Sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees gestuur en die sonde veroordeel in die vlees (Rom. 8:3 en 4).

3. In Yeshua Messias is my sondige vlees dus geoordeel, gevonniss (die doodstraf opgelê) en is die vonnis voltrek. Weens hierdie YHVH-genade beskou ek myself nou dood vir die sonde (die vlees) en stel ek myself tot beskikking van God om deur Sy Gees gelei en geleer te word om gelykvormig aan Yeshua Messias en dus aan Torah te word. Ek wandel nou deur die Gees as 'n werktuig van geregtigheid in die diens van God (Rom. 6:11 tot 13). Ek lewe nie meer volgens die vlees nie, maar volgens die Gees (Rom. 8:1).
4. Die wet het ons weens ons sondige natuur gebonde gehou, want dit het die sondige hartstogte in my wakker gemaak om vir die dood vrugte te dra (Rom. 7:5). In Yeshua Messias het ons sondige hartstogte egter gesterf en is ons nie meer 'n gevangene van die wet nie. Ons dien nou in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie (Rom. 7:6). Die wet (Torah) probeer nie meer om van buite af 'n innerlike verandering teweeg te bring nie. Nee, Torah is nou deur die Heilige Gees in ons verstand gegee en in ons hart geskryf (Heb. 8:10) sodat dit 'n innerlike verandering is wat na buite sigbaar sal word.
5. Opsommend: Genade maak voorsiening vir vergifnis van sonde en versoening met God deur Yeshua Messias. Genade maak egter ook voorsiening vir verandering (vernuwing) deur die werking van die Heilige Gees sodat elkeen meer soos Yeshua ons Messias kan word.

## HEELHEID AS MENS

1. 'n Woord wat die wil van Abba Vader vir sy kinders die beste beskryf is "welgeluksalig" (Ps. 1:1; Ps. 2:12; Ps. 31:1 en 2; Ps. 33:12). Hierdie woord beskryf die **welsyn** (welstand) van die mens (wel), sy **vreugde** (geluk) en die feit dat hy **geseënd** (salig) is. Dit is die wil van Vader-God dat ons elkeen na gees, siel en liggaam volkome heel (onbeskadigd, ongedeed, veilig, gesond) sal wees, naamlik **wel-geluk-salig**. Die welgeluksaligheid van die gees, die siel en die liggaam is afhanklik van waarmee dit gevoed word. Daarom is die spreuk waar: *Jy is wat jy eet*. Die geestes-, siels- en liggaamlike toestand van die mens is direk gekoppel aan dit wat hy geestelik en intellektueel (met sy oë en ore) gevoed word en letterlik (met die mond) eet.
2. YHVH as die Skepper van die menslike liggaam, weet wat nodig is vir die geestelike-, siels- en liggaamlike welgeluksaligheid (welsyn) van die mens. Torah leer ons dus om te kan onderskei tussen rein en onrein, tussen heilig en onheilig, tussen reg en verkeerd en tussen voordelig en nadelig. Torah bevat die voorskrifte van ons geestelike-, siels en liggaamlike "voedsel" wat ons daagliks moet "eet" om welgeluksalig te kan leef.

3. Elkeen wat volgens die begeertes van die vlees "eet" om sodoende die gees, siel en liggaam te bevredig, sal sekerlik die gevolge daarvan dra. Dit is alleenlik wanneer die siel versadig is met Torah (Yeshua) dat die mens ware vryheid, vreugde en intimiteit met YHVH elke dag ervaar. Dan word ons, soos ons aardsvader Abraham, 'n vriend en vertroueling van God (Jak. 2:23). Dan sal ons versadig word met die goeie van Sy huis en die heiligheid van sy paleis (Ps. 65:5). Dan sal ons welgeluksalig wees.

### **ONDERSKEID TUSSEN REIN EN ONREIN VOEDSEL**

1. Talle is van mening dat die voedselvoorskrifte ten opsigte van watter diere geëet en nie geëet mag word nie, slegs om gesondheidsredes deur YHVH aan Israel gegee is, veral vir hulle behoud in die woestyn. Daarom word geglo dat hierdie voorskrifte nie meer op die mens vandag van toepassing is nie. Volgens hierdie siening is die voedselvoorskrifte dus slegs primitiewe gesondheidsake wat nie meer in ons moderne en tegnologiese gevorderde samelewing van toepassing is nie.
2. Hiermee saam word ook geglo dat Yeshua sy volgelingen vrygemaak het van YHVH se voedselvoorskrifte en dat elkeen nou die vryheid het om te kies wat om te eet. Hierdie standpunt word deur die meerderheid in die Kerk verkondig
3. Beide bogenoemde sieninge word ondersteun deur die feit dat die gelowige wat nie hierdie voedselvoorskrifte handhaaf nie, geen onmiddellike en duidelike nadelige gevolge ervaar nie. Talle leef tot 'n rype ouderdom van 80 jaar of meer. Die vraag is egter: Mag ons eet volgens ons eie keuse? Is dit wat die Afgesonderde (Heilige) Skrif ons leer? Hierdie vrae sal ondersoek word, maar eerstens moet die oorsprong van die onderskeid tussen rein en onrein diere nagespeur word.
4. Volgens Gen. 6:19 en Gen. 7:2 is dit duidelik dat die onderskeid tussen rein en onrein diere reeds in die tyd van Noag bekend was. Die sondvloed was sowat 1000 jaar voor die verbond wat YHVH met Israel by die berg Sinai gesluit het. Dit was nie vir YHVH nodig om Noag aangaande rein en onrein diere te leer nie. Noag het dit van sy voorouers geleer. Hiervan kan afgelei word dat die onderskeid tussen rein en onrein diere waarskynlik aan Adam en Eva ook bekend was.
5. Onderskeid tussen rein en onrein diere was dus nie vir die eerste keer ingestel as deel van die verbond met Israel nie, maar was van die begin af een van YHVH se instruksies (wette, vereistes). Rein en onrein diere is dus nie geïsoleer tot die verbond van die wet nie. 'n Geldige vraag is dus: Indien dit voor die verbond van die wet gegeld het, hoekom sal dit op enige stadium na die verbond van die wet opgehef word?

6. Dit is ook 'n verkeerde persepsie om te glo dat YHVH se wette (Sy Torah – onderrig, instruksies en wysheid) nie voor die verbond van die wet bestaan het nie. Abraham is bevestiging dat God se onderrig en instruksies en wysheid voor die verbond bestaan het en aan die mens bekend was:

*En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister **en my ordening, my gebooië, my insettinge en my wette onderhou het.***  
Gen. 26:4 en 5

7. Abraham het in die belofte van die Messias (*en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word – Gen. 12:3*) geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gen. 15:6). Hy het as geregverdigde volgens Torah gelewe. Abraham is ons voorbeeld waarvolgens ons as gelowiges in Yeshua Messias moet leef.
8. Na aanleiding van bogenoemde kan die vraag ook gevra word: Hoe kan daar dan nou beweer word dat die enigste wette van YHVH wat op ons van toepassing is, slegs dié is wat in die nuwe testament van melding gemaak word?

### **YHVH IS VIR EWIG DIESELFDE**

1. By die berg Sinai het YHVH nie sy wette vir die eerste keer aan Israel gegee nie. Nee, Hy het Sy wette bevestig aan 'n volk wat vir etlike geslagte as slawe in Egipte geleef het. Onder hierdie omstandighede het hulle sekerlik al van YHVH se onderrig en instruksies begin vergeet en kon hulle ook nie as slawe nougeset daarvolgens leef nie. YHVH moes hulle bevry sodat hulle kon terugkeer (hulle kon bekeer) om weer volgens Sy onderrig en instruksies te lewe.
2. Reeds voor hulle aankoms by Sinai het YHVH hulle begin onderrig oor die feeste (Ex. 5:1; Ex. 12:1 tot 51) en die instruksies oor die sabbat bevestig (Ex. 16:23 tot 29). Let op die woorde van YHVH in Ex. 16:28 nadat sommige nie gehoor gegee het aan die instruksie oor die sabbat nie:

*Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooië en my wette te onderhou?*

Hiervolgens is dit duidelik dat YHVH se gebooië en wette reeds bestaan het en dat Israel 'n hardnekkigheid van ongehoorsaamheid openbaar het. Dit het tyd geword dat YHVH die Almagtige Hom opnuut aan Sy volk openbaar. Nie Sy almagtigheid soos in Egipte nie, maar Sy ewige en onveranderlike karakter en hoedanighede.

3. By Sinai, by wyse van 'n verbond, het YHVH die tien beginsels van Sy Torah (wet) vir Israel op kliptafels gegee (Ex. 20), asook hoe om dit prakties toe te pas (Ex. 21 tot 23). Indien hulle gehoorsaam sou wees, sou Hy hulle seën (Ex. 23:25 tot 33).
4. YHVH se Torah (onderrig, instruksies en wysheid) is op sekere geestelike beginsels gebaseer wat van die begin af daar was en vir ewig daar sal wees. Dit is deel van die karakter en hoedanighede van YHVH en soos Hy dieselfde is – gister, vandag en tot in ewigheid – so sal sy Torah vir ewig dieselfde wees en bly staan (Ps. 90:2; Mal. 3:6; Heb. 13:8). YHVH se Torah is gebaseer op sy onveranderlike karakter en nie op omstandighede en gebeure nie.
5. Die Afgesonderde Skrif is van begin tot einde 'n boek oor YHVH se Torah. Dit is 'n boek wat ons leer hoe om in die regte verhouding as geregverdigdes met Hom te leef. Deel van Sy onderrig en instruksies is aangaande dit wat ons mag en nie mag eet nie.

## **OPSOMMEND**

Van die begin af, lank voor die verbond van die wet, het YHVH onderskeid gemaak tussen rein en onrein diere en dus van watter diere die mens mag en nie mag eet nie. Dit het voor die verbond met Abraham en die verbond van die wet (Moses) bestaan en dit bestaan vandag nog steeds.

## **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Soos Vader-God die Israeliete uit Egipte moes bevry sodat hulle kon terugkeer tot Torah, so moet ons ook bevry word van die slawejuk van sonde en sekere menslike oorlewering sodat ons volgens Torah kan leef as geregverdigdes wat deur die bloed van die Lam gereinig is.

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*